



education

DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**EHLANZENI
AFRIKAANS HUISTAAL V1
SEPTEMBER 2017**

**PUNTE: 70
TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Leesbegrip (30)
AFDELING B: Opsomming (10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
3. Beantwoord AL die vrae.
4. **BEGIN ELKE AFDELING OP 'N NUWE BLADSY.**
5. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL**SLAAP: ONS IS DIEP IN DIE SKULD**

- 1 Daar is 'n krisis in sprokiesland: Klaas Vakie gaan sy werk verloor. Hoekom? Mense slaap al minder.
- 2 Hierdie krisis is veroorsaak deur Thomas Edison wat meer as 'n eeu gelede die gloeilamp uitgevind het. Sedertdien slaap ons minder en minder. Edison het geglo slaap is onproduktief, 'n mors van tyd. In ons moderne, materialistiese wêreld word hierdie mening deur veral die korporatiewe wêreld misbruik, want hulle slagspreuk – Tyd is geld! – word toenemend geglo. Die ongelukkige gevolg? Mense slaap al minder.
- 3 Arianna Huffington, navorser van slaappatrone en skrywer van *The Sleep Revolution*, is (anders as Edison en die korporatiewe wêreld) 'n passievolle kampvegter vir slaap nadat sy, weens 'n gebrek daaraan, ineengestort het. Nou glo sy dat mense snags sewe uur moet slaap. "Ons het 'n nuwe slaaprewolusie nodig sodat ons weer beheer oor ons lewe kan neem. Glo dit of nie, jy kán jou doodwerk."
- 4 Huffington skryf dat drie rewolusies agter ons slegte slaapgewoontes lê: die nywerheidsrewolusie toe die bevolking na stede met hul vinnige tempo gestroom het; tóé die tegnologiese rewolusie met, onder andere, die ontdekking van die gloeilamp en gevolglik langer dagure; uiteindelik het die virtuele, digitale rewolusie – die derde een – waar ons 24/7 aanlyn is, aangebreek. Digitale uitvindings maak dit deesdae makliker om jou werk oral saam te dra – jy gooi net jou selfoon en/of skootrekenaar in jou sak.
- 5 Ons verkeer, ongelukkig, in die waan dat slaap tydmors is, aldus Huffington. Sy voorspel 'n vierde rewolusie wat ons na beter slaaphigiëne – gewoontes en praktyke wat genoeg slaap op gereelde tye bevorder – sal teruglei. "Ons aanvaar dieet en oefening is belangrike pilare vir gesondheid. Slaap is die derde pilaar."
- 6 Huffington meen slaap is 'n basiese menslike behoefte. Jy voel knorrig as jy te min daarvan kry, en geïrriteerd as die bure se partytjie jou daarvan weerhou. Maar die uitwerking van te min slaap strek baie verder.
- 7 Dr. Hugo, psigiater en geheuedeskundige, verduidelik dat elke mens 'n spesifieke slaapbehoefte het en as dit nie bevredig word nie, word daar slaapskuld opgebou. Jou spesifieke slaapbehoefte is die hoeveelheid slaap wat jy nodig het om soggens uitgerus wakker te word. Te min hieraan veroorsaak slaapskuld. Volgens hom is die meeste van ons diep in dié skuld.

- 8 Navorsing toon 'n tekort aan slaap het 'n skrikwekkende, negatiewe effek op die brein, waarvan knorrigheid, onstuimige emosies, vergeetagtigheid, die onvermoë om te konsentreer en 'n aangetaste geheue maar enkele voorbeelde is. Ná sewentien uur sonder slaap is 'n mens se vaardighede gelyk aan dié van iemand met 'n bloedalkoholvlak van 0,05% - genoeg om jou agter tralies te laat beland.
- 9 Hoeveel moet jy slaap? Die ideale hoeveelheid slaap verskil van persoon tot persoon, maar minder as ses uur vir Jan Alleman word deur kenners as 'n gedeeltelike gebrek bestempel. Babas slaap tot 16 uur per dag terwyl tieners sowat 10 uur per nag nodig het. Sekere noodsaaklike liggaamsiklusse van tieners, soos die afskeiding van groeihormone, kom ook net voor terwyl hulle slaap. Slaap help tieners om die geheue te rangskik, te verfris en om leervermoë te verbeter, sê Peet Vermaak, neurofisioloog van The Pretoria Sleep Lab.
- 10 Nog 'n kundige, dr. Jeff King, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Slaapgeneeskunde, sê dat slaap noodsaaklik is om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak. Ander navorsers het reeds bewys dat minder as sewe uur slaap per nag jou risiko vir vetsug, diabetes, hoë bloeddruk, hartsiektes en depressie verhoog. Slaap is dus nie 'n luukse nie, maar die eerste stap om wêreldwye gesondheidsprobleme te takel.
- 11 Te min slaap kan beslis jou oordeel en reflekse aantas. Studies toon dat mediese studente met 'n slaaptkort meer foute maak. Volgens Jan Top van die Panorama-hospitaal se slaapkliniek ly nagtelike skofwerkers aan uitputting, soortgelyk aan dié van mediese studente omdat hul liggame se normale blootstelling aan lig deurmekaar geskommel word. Moegheid by skofwerkers het al tot ernstige nywerheids-katastrofes, soos die kernkragongelukke by Tsjernobil en Three Mile Island, gelei.
- 12 Drs. Rock en Siegal van die Mindsight Institute glo aan oefeninge wat kan help om jou brein optimaal te laat funksioneer en om jou brein te laat rus. Voldoende slaaptyd om die brein tyd te gee om te rus is nommer een op hul lys. "net soos jy nie dag én nag pizza kan eet nie, kan jou brein ook nie elke dag op min slaap lewe nie."
- 13 Karlien Fourie, 'n neurofisioloog, beveel die volgende vir 'n gesonde brein aan: "Hou jou slaapkamer donker en raak ontslae van enige afleidings soos selfone of televisie. Probeer om elke aand presies dieselfde tyd te gaan slaap en soggens dieselfde tyd op te staan. Skakel stimulant soos suiker en kafeïen uit."
- 14 Klaas Vakie se sandjies is nie te versmaai nie. Die tyd vandat jy saans jou bedlampie afskakel tot die oomblik dat jou selfoon jou die volgende oggend wakker biep, is tyd waarmee jy jou lewe verleng.

Verwerk uit *Sarie*, September 2016 en *die Burger*, 8 April 2016

TEKS B: VISUELE TEKS



VRAE: TEKS A

- 1.1 Watter uitvinding was die oorsaak dat mense al minder begin slaap het? (1)
- 1.2 Waarom is Huffington se mening in paragraaf 3 oor slaap geloofwaardig? (1)
- 1.3 Hoe verskil Edison en Huffington se siening oor slaap? (2)
- 1.4 Wat is die **gevolg** van ELK van die DRIE rewolusies ten op sigte van mense se veranderde slaapgewoontes? (3)
- 1.5 Hoe ondersteun paragraaf 7 die titel van die teks? (1)
- 1.6 Noem TWEE negatiewe gevolge wat min slaap vir tieners inhou. (2)
- 1.7 Herlees paragraaf 10 – 11.

Wat is dr. King se standpunt oor slaap? Noem TWEE voorbeelde uit paragraaf 11 waar reflekse/oordeel aangetas word en haal EEN woord aan wat aandui dat slaapskuld 'n universele probleem is. (4)

- 1.8 Waarom word breinoefening deur die Mindsight Institute aanbeveel? (2)
- 1.9 Stem jy saam dat die hedendaagse mens in diep slaapskuld verkeer? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)
- 1.10 Is daar motivering in die teks vir die onderstreepte sin in paragraaf 14? Motiveer jou antwoord met behulp van paragraaf 10. (1)
- 1.11 Waarvan moet jy, volgens Karlien Fourie, afstand doen indien jy jou slaaphigiëne wil verbeter? (3)
- 1.12 Dink jy dat tieners die inligting in hierdie teks ter harte sal neem? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS B

- 1.13 Verduidelik waarom Tienie se tande nie in sy mond is nie. (1)
- 1.14 Wat is die lawaai waaroor die tannie kla? (1)
- 1.15 Dink jy dat die klanknabootsing effektief voorgestel word? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS A EN B

- 1.16 Wat is die verband tussen paragraaf 6 in TEKS A en die situasie in TEKS B? (1)
- 1.17 Hoe stem die tannie in TEKS B se gedrag ooreen met dié van nagskofwerkers? Aan watter gesondheidsrisiko is die tannie in TEKS B blootgestel? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

In die onderstaande teks word **SEWE WENKE** gegee oor hoe jy as werksoeker jouself kan **bemark**. Som dié sewe wenke op.

LET WEL:

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou **paragraaf** moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C**BEMARK JOUSELF SÓ VIR DIE WERKPLEK**

Werksoek is altyd veeleisend, waarsku mnr. Lawrence Wordon, besturende direkteur van Kelly, 'n werwing- en plasingsagentskap. Hy sê dit kan in moeilike tye langer duur om 'n werk te kry en werksoekers moet hulself kreatief bemark. Hy stel 'n paar nuttige wenke voor vir werksoekers.

Kandidate moet aanpas by die idee dat hulle soveel moontlik vir die nuwe werkgewer moet bied. Oortuig die werkgewer dat jy tot meer as die ander kandidate in staat is en 'n bydrae kan lewer wat die onderneming sal laat groei.

Deeltydse opdragte wat aan jou gegee word, bied buigsaamheid en sal jou help om jou vaardighede uit te brei. As jy dus kan bewys dat jy onmisbaar is wanneer dit by 'n sekere taak kom, kan dié werk maklik 'n voltydse posisie word.

Werkgewers het dikwels werknemers met spesifieke vaardighede nodig en waaraan daar 'n behoefte bestaan, soos byvoorbeeld vaklui, ingenieurs of onderwysers. Indien moontlik, kies iets waarin jy belangstel en bekwaam jou verder in daardie rigting. Dit kan verseker dat jy vinniger geholpe raak in die arbeidsmark.

Netwerkgeleenthede is baie belangrik. Vertel vir mense, jou familie, vriende en kennisse dat jy werk soek. Moenie huiwer om hulp te vra nie. Daardeur bewys jy dat jy werklik daarop ingestel is in jou beroep te ontwikkel.

Raak betrokke by organisasies of verenigings in die bedryf waarin jy wil werk. Deur in komitees te dien, kan baie waardevol wees. Belangstellings wat veral op die werk van toepassing is, kan tot jou voordeel strek. Jy móét deel word van die bedryf op soveel as moontlik terreine.

'n Werksonderhoud is 'n tweerigtingproses: die onderhoudvoerder wil vasstel of jy die nodige kwalifikasies en vereistes vir die posisie het, terwyl jy dit kan gebruik om vas te stel of die maatskappy die groei- en ontwikkelingsgeleenthede sal bied waarna jy soek. Berei jou dus goed voor om die regte vrae tydens 'n werksonderhoud te vra, dit beïndruk werkgewers gewoonlik.

Volgens Wordon is die CV die belangrikste dokument in die werksoekproses. 'n Mens kry waarskynlik een kans om die werkgewer te beïndruk en dit is deur jou CV. Jy moet seker maak dat jou CV altyd gereed is en aan die verwagtinge voldoen.

[Verwerk uit: *Loopbane*, 17 Januarie 2010]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

ADVERTENSIE-ARTIKEL | EET 'N GOEIE ONTBYT

Die goedheid van Jungle Oats – net vinniger!

Hier is twee vinnige, maklike stappe tot 'n goeie ontbyt

BEGIN jou en jou gesin se dag met 'n goeie ontbyt wat baie energie bevat. Jungle Oats Instant word van dieselfde vlokies as Jungle Oats vervaardig, maar is fyner gerool sodat dit gaar word terwyl jy dit met kookwater bedek. Jy kry dus dieselfde heilzaamheid as met Jungle Oats, maar sonder dat jy tyd hoef af te staan om dit te kook.

Jungle Oats Instant bied jou al die heilzaamheid van 'n hawermoutontbyt in net twee maklike stappe.

- 1 Plaas die Jungle Oats Instant-geur van jou keuse in 'n bakkie.
- 2 Giet die kookwater oor die hawermout en roer.

Dit was nog nooit so maklik om 'n heilsame ontbyt te geniet nie!

Die produk is te kry in vier heerlike geure – Corspronklik, Perske, Piesang en Gemengde

Bessies – sodat elkeen in die gesin hul gunstelinggeur kan geniet. Jungle Oats Instant word goedgekeur deur die Hart-en-beroertestigting van Suid-Afrika.

VIER HEERLIKE GEURE



- ✓ 100-persent-volgraanhawermout
- ✓ Lae GI
- ✓ Gesonde hart
- ✓ Hoë veselinhoud
- ✓ Hou jou langer versadig

Teken in op Jungle Oats se "Have a Good Breakfast"-nuusbrief wat elke twee weke uitgestuur word vir ekstra inspirasie oor hoe om die hele Jungle Oats-reeks te geniet. Gaan na www.haveagoodbreakfast.co.za.

@RealJungleOats
 The Real Jungle Oats



AMPTELIKE ENERGIEVERSKAFFER VIR KAMPIOENE

- 3.1 “Eet n goeie ontbyt”
- 3.1.1 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woord? (1)
- 3.1.2 Skryf die woord uit bogenoemde sin neer wat by uitspraak deur palatalisasie beïnvloed word. (1)
- 3.1.3 Skryf die sin in die ontkennde vorm oor. (1)
- 3.2 “Die goedheid van Jungle Oats – net vinniger!”
- 3.2.1 Wat wil die adverteerder bereik met die insluiting van die inligting na die aandagstreep? (1)
- 3.2.2 Wat is die funksie van die **uitroepteken** in die bogenoemde sin? (1)
- 3.3 Skryf die onderstaande sin oor in die bedrywende vorm.
Jungle Oats Instant word van dieselfde vlokkies as Jungle Oats vervaardig.(1)
- 3.4 “Jungle Oats Instant bied jou al die heilsaamheid van ‘n hawermoutontbyt in net twee maklike stappe”
- 3.4.1 Skryf ‘n woord uit die sin neer wat dieselfde as “geneeskragtige” beteken. (1)
- 3.4.2 Skryf die **eerste** woord uit die bogenoemde sin waarin ‘n diftong/ tweeklank voorkom, neer. (1)
- 3.5 Noem TWEE maniere waarop hierdie advertensie die verbruiker motiveer om tot aksie oor te gaan. (2)
- [10]**

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (**Teks E**) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

MEESTER – Danie Cronjé



Raampie 1

Raampie 2

Raampie 3

MEESTER

Raampie 4



Raampie 5



Raampie 6

Danie Cronjé**MEESTER**

Raampie 7



Raampie 8



Raampie 9

Danie Cronjé

- 4.1 Skryf Meester se vraag in raampie 1 sodat dit 'n positiewe boodskap uitdra deur slegs een woord te verander. (1)
- 4.2 Skryf die uitroepsin in raampie 2 in die toevoegende (konjunktiewe) wyse oor. (1)
- 4.3 Skryf die infinitief in raampie 3 neer. (1)
- 4.4 Herlees raampie 1 – 3 en voltooi die onderstaande sin deur slegs die ontbrekende voorsetsel neer te skryf: (1)
- Neelsie verkeer ... 'n wanindruk oor sy eie wiskundige vermoëns.
- 4.5 Skryf Neelsie se vraag in raampie 4 oor sodat Meester se antwoord: "drie uur", kan wees. (1)
- 4.6 Gee die afkorting vir sentimeter, raampie 5. (1)
- 4.7 Gebruik die oortreffende trap van *meer*, raampie 6, in 'n duidelike sin. (1)

- 4.8 Herskryf die woord in hakies in die onderstaande sin as 'n verlede (voltooide) deelwoord sodat in die sin pas. (1)
- Neelsie is (vasbesluit) om nie meer huiswerk te doen nie.
- 4.9 Op watter wyse word die verhouding tussen Meester en Neelsie gestereotipeer? (1)
- 4.10 Hoe sluit die visuele voorstelling van Neelsie by sy woorde in raampie 9 aan? (1)
- [10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (**TEKS F**) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

UNIVERSITEIT TOE!!

- 1 Onderwysers, ouers, vriende en familie doen hul bes om jou hierop voor te berei. **(5.1)** Ongelukkig val die klem dikwels op die akademie, terwyl die sosiale veranderinge ewe moeilik is.
 - 2 Kortom, jy sal 'n klompie fases beleef terwyl jy aanpas by jou nuwe sosiale omgewing. **(5.2.2)** Aanvanklik sal die nuwe sosiale struktuur jou dalk aangryp en bekoor. Tog kan jy angstig en gefurstreerd raak as jy hierdie fase romantiseer terwyl jy sukkel om jou plek te vind.
 - 3 Daarna volg aanpassing. Hoe meer jy aan hierdie nuwe omgewing blootgestel word, hoe meer waarskynlik sal jy jou nuwe omgewing leer ken, leer wat jy daarin kan verwag en eindelijk gemaklik daarin wees.
 - 4 Jy kan jousef dalk selfs vir nuwe, opwindende geleenthede oopstel.
 - 5 Die tweede fase word deur student as angstigheid gekenmerk. Hoe jy in hierdie fase optree, bepaal hoe jy jou lewe bestuur en jou plek gaan vind. Dit kan selfs vir die oulikste, **(5.3)** straatwysste student moeilik wees om skielik meer verantwoordelikheid te hê, maar ook die meeste persoonlike vryheid tot nog toe.
 - 6 Jy moet hierna oplet:
 - 7 **Uitdaging: afsondering**
- Aksie 1:** Maak nuwe vriende. Koshuise en privaat studenteorganisasies het

8 baie sosiale geleenthede waar jy studente kan ontmoet. Soms maak 'n mens **(5.5) nuwe** vriende deur net 'n gedeelde belangstelling of om elke dag langs dieselfde persoon te sit. Jy kan jou ook aan mense voorstel of vra gedeelde vriende moet julle voorstel. Vriende is noodsaaklik om afsondering te vermy, die verlange huis toe te besweer en te voel jy hoort tuis.

9 **Aksie 2:** Neem deel deur by 'n organisasie of studiegroep aan te sluit of om aan **(5.6) sport** deel te neem. Om te voel jy is deel van iets sal jou help om jou plek te vind. Lidmaatskap, groepe en spanne gee die ondersteuning wat jou sal help om jou eie identiteit op die kampus te kry terwyl jy jou horisonne verbreed.

10 **Uitdaging: om onmatig of oorweldig te wees**

11 **Aksie 3:** Hou matigheid voor oë. Jou persoonlike vryheid op universiteit **(5.7.1) is** opwindend, maar jy moet sommer dadelik grense stel en 'n balans handhaaf. As jy nie 'n balans handhaaf nie, kan iets soos 'n druk **(5.7.2) sosiale** lewe jou maklik oorweldig..

12 **Uitdaging: risiko van onverdraagsaamheid**

13 **Aksie 4:** Respek, wat 'n groot deel is van jou plek vind, is ook om ander se plek in die struktuur te respekteer.

14 Jy moet bowenal onthou, angstigheid wat verwant is aan verandering, is 'n normale en gesonde menslike eienskap. Tog mag die vrees van verandering nooit jou aanpassing in die wiele ry nie. Wees betrokke en neem deel, hou matigheid voor oë, wees verdraagsaam en respektvol in jou studentelewe.

Aangepas: Huisgenoot, 18 September 2013

- 5.1 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 as 'n veelvoudige sin oor. (1)
- 5.2 Herlees paragraaf 2.
- 5.2.1 Skryf die bywoordelike bysin neer. (1)
- 5.2.2 Skryf die onderstreepte sin in die verlede tyd. (1)
- 5.2.3 Skryf die woord in die laaste sin wat verkeerd gespel is, korrek oor. (1)
- 5.3 Bestudeer die onderstreepte woord in paragraaf 5. Waarom word dit met twee **s'e** gespel. (1)
- 5.4 Gebruik die deetjie (skeibare) werkwoord in paragraaf 6, heeltemal geskei in 'n duidelike sin. (1)
- 5.5 Gee die intensiewe vorm van die ondersreepte woord in paragraaf 8 (1)

- 5.6 Gebruik die meervoud van die onderstreepte woord in paragraaf 9 in 'n duidelike sin. (1)
- 5.7 Herlees paragraaf 11.
- 5.7.1 Watter soort werkwoord is "is" in die eerste sin? (1)
- 5.7.2 Verdeel die vetgedrukte woord in lettergrepe. (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70